



KAREL SCHOEMAN (red.). *The recollections of Elizabeth Rolland (1803-1901)* ... Human en Rousseau · Kaapstad en Pretoria, 1987. 152 pp. Geill. R25,00 (eksklusief). ISBN 0 7981 2147 5.

Hierdie outobiografie is die agtste boek in die Vrijstatia-reeks wat daarop gemik is om die Vrystaatse verlede vir die algemene leser meer toeganklik te maak. In die werk bied Schoeman die herinneringe van Elizabeth Rolland met sy eie hoofstukindeling aan. Dit word nou vir die eerste keer gepubliseer en verskaf waardevolle inligting oor Beersheba, die Paryse Sendinggenootskap se stasie wat in 1835 naby die huidige Smithfield in die Oranje-Vrystaat gestig is deur mev. Rolland en haar man, eerwaarde Samuel Rolland (1801-1873), en in 1858 tydens die Eerste Basoeto-oorlog verwoes is.

Vir 28 jaar het die Rollands op Beersheba gewerk. Elizabeth se bydrae was nie bloot dat sy die spreekwoordelike steunpilaar vir haar man in 'n destyds onherbergsame wêreld was nie — sy was ook die pionier van kindertuinonderwys in Suid-Afrika. Daarvan getuig die sprekende illustrasie van 'n kindertuinklas op Beersheba op die stofomslag.

Die Britsegebore Elizabeth Lyndall is in 1829, toe sy 26 was, as kindertuinonderwyseres deur dr. John Philip na Suid-Afrika gebring. Sy is vroeg in 1834 met Samuel Rolland getroud — 'n huwelik wat sy as 'n fout beskryf het — waarna sy die res van haar lang lewe in die Vrystaat sou deurbring. Haar herinneringe is in die sewentigerjare van die vorige eeu geskryf. Dit handel ten aanvang oor haar jeug in Engeland, waarskynlik die gelukkigste tyd van haar bestaan. Haar jeugherinneringe aan die sosiale en kulturele lewe van Georgiaanse Engeland is miskien te breedvoerig maar tog verstaanbaar as in aanmerking geneem word dat sy haar geboorteland nooit weer gesien het nie.

As eggenote van 'n pioniersendingeling is mev. Rolland se wedervaringe van besondere betekenis. Sy lewer 'n eerste-handse, onverbloemde verslag van praktiese sendingwerk in die 19de eeu — nie so geïdealiseer as in die meeste kontemporêre sendinggeskrifte nie. Elizabeth Rolland se herinneringe is ook in ander opsigte waardevol: dit is sover bekend die eerste keer dat die wel en wee van 'n sendingeling se vrou gepubliseer word. Bowendien het vroue se bydrae tot die sendingtaak voorheen nie dieselfde erkenning as dié van hul mans geniet nie.

Die beskrywing van Beersheba se verwoesting en van die lewe in die Nuwe Beersheba wat in 1866 kortgeknip is toe dit by die Verowerde Gebied van die Oranje-Vrystaat ingelyf is, verhoog die waarde van mev. Rolland se herinneringe as historiese bron aansienlik. Die traumatiese ervaringe het nie slegs die lewens van die Rollands ingrypend beïnvloed nie, maar sluit ook direk aan by die stryd om grond en grense tussen die Basoeto en die Vrystaat. Ongeveer 'n derde van die boek bevat dokumente oor Beersheba en die Rollandgesin (insluitende briewe van mev. Rolland) wat interessante lig op vroeë Blanke vestiging in die Vrystaat werp.

Hoewel oorsigtelik van aard, behoort sowel die navorser as die belangstellende leser die werk nuttig te vind. Dit is tegnies wetenskaplik versorg en besonder deeglik geannoteer. Benewens 'n uitgebreide register en verwysings onderaan die bladsye, bevat dit ook 'n voorgestelde literatuurlys vir verdere leeswerk wat naslaanwerk vergemaklik.

C.J.P. LE ROUX
Universiteit Vista
(Bloemfontein-kampus)